Publication: Sake (Beeld)

Date: Wednesday, May 25, 2022

Page: 23






Greta en Mike op die 60ste verjaardagpartytjie van sy vriend en mede-ekonoom Dawie Roodt.

MIKE SCHÜSSLER STERF

# Ekonomie verloor 'n sagte reus

## Hy maak sy veld verstaanbaar

**Francois Williams**

Mike Schüssler kon met vlymskerp ontleding die skete en pyne van die Suid-Afrikaanse ekonomie ontbloot en vir gewone mense verstaanbaar maak.

Die kleurryke, warm en passievolle ekonoom is gisteroggend op 60 dood ná 'n kort siekte weens 'n aggressiewe soort skildklierkanker.

Huldeblyke het van oral ingestroom nadat Schüssler in sy produktiewe loopbaan van meer as 30 jaar in soveel verskillende sektore van die ekonomie 'n bydrae gelewer het.

"Die Suid-Afrikaanse ekonomie het 'n reus verloor. Hy sal onthou word vir sy insiggewende ontleding," sê Elize Kruger, onafhanklike ekonoom en vriendin.

"Aan die ekonomiese front het 'n biblioteek van kennis afgebrand. Ons land is armer," sê die ekonoom Ankie Engelbrecht in 'n huldeblyk.

Schüssler se vrou, Greta Moodie, met wie hy in 2019 getroud is, het hom as 'n sagte reus beskryf.

"Hy was 'n man wat mense soveel omgee en tyd gegee het. Hy het so 'n sagte hart gehad. Hy was my rots en veilige vesting.

"In die laaste paar dae het ek vir hom gesê ek is so trots op hom en het baie respek vir hom.

"In een van ons laaste gesprekke, toe hy nie meer kon praat nie, het ek gesê ek is lief vir hom en het hy net vir my geknik," het 'n gebroke Moodie gister vertel.

Hulle was in Januarie op 'n wildtuinvakansie en Schüssler het aanvanklik gehoop dit was net 'n spinnekopbyt wat tot sy gesondheidsprobleme bygedra het, sêl Moodie. Toe begin hy 'n groeisel in sy nek kry, asook oorpyn wat erger word. Teen Februarie het 'n biopsie getoon dat hy skildklierkanker het.

'n Operasie is gedoen, maar teen April het 'n skandering gewys die kanker het aggressief versprei.

Moodie sê hy het oorgeloop van omgee en liefde vir Rudi (16), sy seun uit 'n vorige huwelik, en vir haar dogters, al was hulle nie sy eie nie.

"Mike was 'n *amazing* ekonoom met 'n werklike gawe om insig te hê in die psige van die mens en die ekonomie. Hy het insig in die ekonomie gehad wat min ekonome het," het Dawie Roodt, hoofekonoom van Efficient Group en aanbieder van *Ontbytsake*, op die program se Facebook-blad geskryf.

"Hy was 'n baie groot man met 'n groot gees en 'n groot ekonoom met 'n baie klein hartjie en 'n baie, baie oorspronklike brein. Hy was inderdaad die mense se ekonoom. Dis 'n baie groot verlies vir die land," sê Roodt.

"Die las op goeie ekonome is dat hulle die onvoorsiene skade van staatsinmenging kan raaksien en Schüssler het daardie las met onderskeiding gedra," sê Piet le Roux, uitvoerende hoof van die organisasie Sakeliga.

"Hy was dikwels skerp en reguit oor die beleidsprobleme in die Suid-Afrikaanse ekonomie en samelewing en het met sy openbare invloed probeer om staatsbeleid in beter rigtings te stuur en om die sakesektor en burgerlike samelewing op beleidsrisiko's te wys," sê Le Roux.

Schüssler sou ook nie wegskram van omstrede kwessies nie.

Volgens Le Roux het hy in 2020 saam met verskeie ander individue en organisasies soos Sakeliga saamgespan om die veldtog Business for Ending Lockdown te begin.

Schüssler was baie jare lank 'n vennoot en vriend van die bankbetaling-klaringshuis BankservAfrica en as ekonoom en burger sal hy onthou word vir sy onselfsugtige diens om gereeld inligting te deel en seker te maak elke Suid-Afrikaner verstaan dit, sê Jan Pilbauer, uitvoerende hoof van BankservAfrica. Schüssler het BankservAfrica sedert 2012 gehelp met die samestelling van sy indekse oor transaksies, salarisse en pensioene.

"Mike het komplekse ekonomiese konsepte op so 'n manier gekommunikeer dat gewone Suid-Afrikaners dit kon verstaan en op dié manier het hy ekonomie na die etenstafel gebring en ons almal laat voel ons verstaan dinge beter.

"Hy was passievol oor Suid-Afrika en het 'n nis geskep met BankservAfrica se ekonomiese indekse," het Shergeran Naidoo, hoof van belanghebberbetrekkinge van BankservAfrica, gesê. "Hy het 'n onuitwisbare stempel as ekonoom afgedruk en dié van ons wat hom geken en nou saam met hom gewerk het, sal die verlies vir jare voel."

Gavin Kelly, uitvoerende hoof van die Padvragvereniging (RFA), sê Schüssler het oor die jare deeglike en skerp ekonomiese ontledings vir die RFA gedoen.

### Loopbaan as ekonoom

Aan die begin van sy loopbaan het hy by Transnet, die nasionale tesourie, FCB Bank en die Suid-Afrikaanse Lugdiens gewerk waar hy sy kundigheid oor veral die vervoersektor ontwikkel het. Hy het diepgaande kennis van die olie- en brandstofmark gehad en kon insiggewende ontledings en vooruitskattings gee oor die internasionale oliepryse, die brandstofmark en plaaslike brandstofpryse.

Hy was veral gelief onder joernaliste en televisieaanbieders omdat hy op kort kennisgewing en op insigryke wyse oor enige faset van die ekonomie kon praat sodat leke dit kon verstaan.

Van 2000 tot 2008 was hy die hoof- ekonomiese konsultant van T-sec, voorheen bekend as Tradek.com, waarna hy in 2009 sy eie onafhanklike praktyk vir ekonomiese konsultasie genaamd Economists.co.za begin het.

As onafhanklike ekonoom het hy verskeie plaaslike en internasionale hoëprofielkliënte gehad, van die tesourie tot die oliereus BP, die motorreus DaimlerChrysler, die Suid-Afrikaanse Eiendomseienaarsvereniging, Capitalworks en die Suid-Afrikaanse Pluimveevereniging en die Padvragvervoervereniging. So ook verskeie myne, banke, farmaseutiese maatskappye, mikroleners en kommoditeitshandelaars.

Schüssler se navorsing het gelei tot die ontwikkeling van verskeie unieke aanwysers vir die ekonomie, soos die provinsiale ekonomiese barometers, asook BankservAfrica se ekonomiese-transaksie-indeks (Beti), die private-pensioenindeks en die BankservAfrica Take-home Pay-indeks.

Dit is indekse wat maandeliks bereken word en waardevolle inligting bied oor die stand van die ekonomie en huishoudings se geldsake.

Hy was ook betrokke by C-Track se vervoer- en vragindekse. Met sy kundigheid met die ontleding van indiensneming- en arbeidsyfers het hy Adcorp se werkmagindeks ontwikkel.

Daarbenewens was hy 'n raadgewende ekonoom vir Brenthurst Wealth asook vir MasterCard, die vakbond Uasa en Safcol, die staatsbosboumaatskappy .

Schüssler was twee keer, in 2005 en 2007, die wenner van *Beeld* se Ekonoom van die Jaar-kompetisie. Hy was ook een van net drie ekonome wat die kompetisie twee keer gewen het.

Schüssler het 'n MCom-graad in ekonomie aan die Randse Afrikaanse Universiteit (nou die Universiteit van Johannesburg) behaal en het in sy jong dae ook klas gegee aan Unisa se skool vir sakeleierskap, by die Universiteit van die Vrystaat en by die Universiteit van Johannesburg.

Kennisse vertel sy regte naam is eintlik Hans, maar in die Drommedaris-koshuis by RAU het hy die bynaam Mike gekry omdat die koshuismaats gemeen het hy loop nes die beroemde bokser en stoeier Mike Schutte.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.